Volume 11
Oktober 2011

UMASIPALA
LOCAL MUNICIPALITY
PLAASLIKE MUNISIPALITEIT
BAVIAANS
Participation for Development

NUUS
NEWS
INDABA

www.baviaans.gov.za Tel: 044 923 1004 Fax: 044 923 1122

NUWE TERMYN, NUWE UITDAGINGS

Hierdie geleentheid wil ek gebruik om welkom en geluk te sê aan al die nuwe en ou Raadslede wat tydens die verkiesing van 18 Mei 2011 verkies is om as Raadslede vir Baviaans te dien. Op bladsy twee van hierdie uitgawe word die Raadslede bekend gestel. Wat egter van belang is, is dat Raadslede sal weg beweeg van eie en politieke belang en veel meer aandag skenk aan gemeenskapsbelange.

Ek wil ook namens die Baviaans Munisipaliteit meegevoel uitspreek teenoor die familie van oud-Raadslid Patrick Daniels wat in Junie vanjaar oorlede is. Hy was ag jaar 'n Raadslid en het 'n baie positiewe bydrae gelewer tot die ontwikkeling van Baviaans.

Ek het al dikwels gehoor hoe die woord gemeenskap gebruik word. Ons moet versigtig wees daarmee. Vergaderings waar honderd plus mense teenwoordig is, verteenwoordig nie noodwendig die mening van die vyfhonderd tot drieduisend mense wat nie daardie vergadering bywoon nie. Daar moet ander metodes gevind word waardeur die munisipaliteit meer mense kan bereik. Om hierdie rede is dit nodig dat Baviaans Munisipaliteit indringed na die

metode van kommunikasie moet kyk.

Tydens die komende GOP (Geïntegreerde Ontwikkelings Plan) proses sal meer gebruik gemaak word van "Community Based Planning". Dit beteken dat gemeenskappe op grondvlak geraadpleeg sal moet word. Hierdie proses bied beslis baie moontlikhede vir beter kommunikasie.

Vir hierdie nuwe Raad is daar veral drie moeilike vraagstukke wat aangespreek moet word in die volgende vyf jaar:

1. Die inskakeling van die voormalige DMA gebied in die Baviaans Munisipaliteit
2. Die aanspreek van die swak Ouditeursverslag en die probleme rondom die omskakeling van die "Info" rekeningkunde stelsel na die "GRAP" stelsel.
3. Die verbetering van die lewe van arm huishoudings.

Die foto (links) is 'n foto wat iewers in Afrika geneem is deur Greg Marinovich en beeld die ellende van armoede uit. Hierdie foto behoort vir elke hoof van 'n huishouding aan te moedig om toe te sien dat sulke ellende nie in sy huis en familie voorkom nie! Soos die aasvoël wat bereid is om armoede uit te buit, nie net moet armoede aangespreek word nie, maar ook die aasvoëls wat lewe op die probleme van armhuishoudings - dranksmouse, geldskieters, onwettige praktyke en dies meer!

Die uitdaging vir die Raad is om saam met alle belange groepe te besin oor moontlike optredes om armoede in huishoudings te verlig.

Ten slotte. Daar sal voortaan ook ruimte afgestaan word om lesers in te lig oor belangrike Raadsbesluite.

Voorwoord: E Loock, Burgemeester

YOUR COUNCIL

The incorporation of the DMA area, Rietbron, Miller and Vondeling introduced new structures in Baviaans.

Besides having four wards instead of area committees we now have seven councilors compared to the previous five years' five.

Here we would like to take the opportunity to introduce them to you, our valued resident.

Ward 1

Ewald Loock - DA

Ewald Loock was re-elected as Mayor / Speaker. He is the councilor for Ward one, which consists of Willowmore and Baviaanskloof.

He served on the Willowmore transitional council from 1995 to 2000 and thereafter 2000 until 2006 on the first Baviaans Council. In 2006 until 2011 he served as Mayor of the Baviaans.

Ward 2

Thembile Spogter - ANC

Thembile Spogter is the councilor for Ward two (Steytlerville) where he was born and raised. He would like to see that the people are treated good and fair and wants to fight the frontiers of poverty. The upliftment of the community's morals are very important to him and he hopes to contribute to better circumstances in Steytlerville and the municipality.

Ward 3

Hendrik Booysen - DA

Hendrik Booysen is the Ward Councilor for Ward three, which includes Hillview, Lovemore, Humesville, Mandela Square, Morningside, Fullarton, Sandkraal and Mount Stewart.

His aim for the next five years is to make a far-reaching impact on people's lives to ensure they view themselves in a positive light and to make responsible choices. He wants to empower the youth to look at their future in a positive light and consequently build a better life.

Ward 4

Vivian Lapperts - DA

Ward four consists of Rietbron, Vondeling, Miller and a section of Willowmore. Vivian Lapperts is a long-time resident of Rietbron and has already implemented indigent help for Rietbron, as well as the job creation programme.

PROPORTIONALLY ELECTED

Margaret Fivaz - ANC

Margaret Fivaz grew up in Willowmore and aims to concentrate on improving the lives of community members.
She wants the focus on serving the youth and creating job opportunities for them

Danie Bezuidenhout - DA

Danie Bezuidenhout was the head of the Department of Local Management of Housing in the Eastern Cape Provincial Government, Bisho from 1995 until 1999. He served as a Baviaans Councilor from 2006 until 2011 and was a member of Cacadu District Municipality from 2001 until 2011.

Gay-Ann Hobson - ANC

She is the wife of one of the most prominent mohair farmers in the country and lives on the farm, Baroe. Her vision is working towards creating an environment of non-racism, equal opportunity, justice and good health. "Being united as a community in diversity, good governance and a non corrupt society is key for service deliver and development", says Hobson

COUNCIL INAUGURATION

Above: Front row, from left to right: M Fivaz, JZA Vumazonke, EL Loock, G Hobson. Back, from left to right: D Bezuidenhout, ME de Beer (manager, Community Services), B Arends (manager, Technical Services), V Lapperts, T Spogter, H Booysen

The newly elected Council and management team of Baviaans Municipality along with representatives of Cacadu District Municipality and community member of Willowmore gathered on 02 June 2011 to inaugurate the new Council.
During this special council meeting Ewald Loock was chosen as the Mayor / Speaker and all Councilors laid down a prescribed oath of confirmation before the Magistrate, Mr. Monki.

Mr Vumazonke, Municipal Manager of Baviaans Municipality, was delegated to investigate the administrative and financial implications as well as necessary resources required for the establishment of committees.

GOED OM TE ONTMOET

Teen hierdie tyd is dit al ou nuus, maar nietemin het die Plaaslike Regeringsverkiesing op 18 Mei 2011 heelwat nuwe verwikkelinge teweeg gebring.

Baviaans se munisipale grense is aangepas om Rietbron, Vondeling en Miller in te sluit. Ons verwelkom die nuwe areas en sien uit daarna om ‘n goeie verhouding te bou in die jare wat voorlê en dienslewering met ‘n passie voort te sit in die nuwe areas van verantwoordelikheid.

Regs Bo: Rietbron se kerktoring is die enigste een met ‘n springbok in plaas-van ‘n haan; en ‘n straat toneel uit Rietbron; Regs: Die rustigheid van Vondeling

Werkswinkels vir Almal

Bo: Crafters by Steytlerville se tweede werkswinkel met hulle kunswerke

Die tweede van drie reekse werkswinkels het in Augustus in Willowmore, Steytlerville en Baviaanskloof plaasgevind. Die fokuspunt was kuns uit blik en draad, waar deelnemers geleer het hoe om ‘n blik blom en engel te maak, met draad te werk en hoe om ‘n drinkplekkie vir voëls uit ‘n ou bottel te maak. Hulle is ook meer geleer oor koste berekening en verskillende rou materiale wat gebruik kan word vir innoverende produkte.

Die draad-werkswinkel is aangebied deur Collins Rufu, ‘n voltydse crafter en meester met draad. Solly Levy het die blik en metaal behartig. Alhoewel die sessies fokus op kreatiwiteit en skeppingsvermoë bly die besigheids aspek daarvan nie agter nie. Deelnemers word geleer om kliënte en die mark, sowel as hulle behoeftes te definieer en dan hulle ontwerpe en konsepte daarvolgens aan te pas.

Diegene wat deelneem aan hierdie wonderlike werkswinkels kry ook die geleentheid om hulle produkte in die Baviaanskloof Craft shop te verkoop en op die langtermyn ‘n self-onderhoudende besigheid te bou. Skakel gerus vir **Jane by 044 923 1702** in Willowmore of **Corné by 049 835 0484** in Steytlerville vir meer besonderhede.





Regs bo, middel en onder: Sommige van die produkte na aanleiding van die werk-

RIETBRON HANDCRAFT

Bo: Agterste ry, v.l.n.r: Brenda Rex, Elsie Theron, Marlize Jansen, Anna Solomons, Estelle Afrika.. Midel ry: v.l.n.r: Sena Steenkamp, Sara Steenkamp, Melanie May, Juliane Steenkamp, Gerhard Jansen. Voor: Ronel Skaarnek

Op die uitgestrekte vlak van Rietbron, waar jy vir myle aaneen kan sien en jou gedagtes net so ver kan dwaal is daar 'n groep vroue (en een man) wat nie hande gevou sit en droom nie. Draad en krale word in hulle kreatiewe hande in kunswerke omskep.

Rietbron Handcraft is in 2009 deur Cacadu Distrik Munisipaliteit, in samewerking met Craft Partners, begin. Hannelie Herselman en Gardi Oosthuizen van Craft Partners het die groep opgelei en vaardighede in besigheid en kuns geleer.

Die groep crafters maak nie net plaaslik, maar wêreldwyd naam vir hulself. Hulle verskaf produkte aan winkels in Port Elizabeth, Kaapstad, Johannesburg en Pretoria, maar die meeste van hulle kunswerke word na Noorweë uitgevoer.

Die groep, wat tans uit elf lede bestaan, neem ook jaarliks deel aan die Grahamstad Kunstefees,

Bo: Van die groep se hande werk

Kersmark in Stellenbosch en het ook by die Quiltfees uitgestal.

Vir bestellings en navrae skakel **Sena Steenkamp by 078 134 8239.**

VONDELING OPTEL CRAFTS

Met hulle engelagtige skeppings stuur hulle ook die seëninge van hulle eie vredevolle bestaan, gevul met lag, geluk en tevredenheid, die wêreld in. Die mense van Vondeling se geheim is 'n stadige, pretensielose bestaan wat, soos die pragtige engeltjies, 'n rustigheid in jou hart bring.

Die Vondeling crafters gebruik uiteenlopende produkte soos skaapwol, draadwol, krale en volstruisvere en tegnieke wat brei en hekel insluit om 'n kreatiewe, oorspronklike produk uniek aan Vondeling te vervaardig.

Vondeling Optel Craft word erken as 'n voorste verskaffer aan vooraanstaande craft winkels en Kersfees-versiering winkels. So as jy nog nie 'n Vondeling-engeltjie gesien het nie, gaan kyk of skakel **073 436 8772 of 044 923 1100**

Bo: Die burgemeester saam met Violet Martens, Levona Claasen, Miranda Benade, Vulenta Marten, Vernoica Olyn en Sien Claasen

Bo en Heelbo: Van Vondeling se engeltjies

STREETS: WILLOWMORE & STEYTLERVILLE

Above: The team of John Skinner Construction paving in Steytlerville

Phase 3 of the upgrading of streets and storm water drainage are underway in Willowmore and Steytlerville. The main contractor in Steytlerville is John Skinner Construction and Active Group Management Services in Willowmore.

The consultant for these projects is Mr A de Kok for Uhambiso Consult and a combination of five sub-contractors were appointed in the two towns. Sifuyile Trading does the paving in Volstruis Valley and Sebenzisana Trading is responsible for paving in Vuyolwethu and curbing and channeling in Volstruis Valley, Steytlerville. The contractors in Willowmore in Unywebeni Construction (curbing in 8th Avenue and Langenhoven Street), Sicedeni Contracting & Supply (paving and grouted stone pitching in 2nd Avenue) and Saayman's Bush clearing and fencing does the curbing and channeling in 2nd Avenue.

Above: A paved street in Steytlerville

The total cost of the contract amounts to just over R 5 million.

WERKSGELEENTHEDE

Bo: Agter, v.l.n.r. Rdl Booysen, ME de Beer (Gemeenskapsdienste), J Doyle (Finansies), JC Maart (Gemeenskapsdienste), B Arends (Tegnies), S Fourie (Tegnies), Rdl Spogter. Voor, v.l.n.r: A Muller (Dept Openbare Werke), Rdl Loock, C vd Westhuizen (Dept Openbare Werke)

Werkskepping was een van die suksesse van die vorige Munisipale Raad van Baviaans Munisipaliteit. Hierdie sukses is behaal deur middel van die uitgebreide Openbare Werke Program waar 3519 (man-dae) werksgeleenthede in die Baviaans geskep is.

Op 29 Julie 2011 het die munisipaliteit en die Departement van Openbare Werke 'n kontrak onderteken om die program voort te sit. Baviaans Munisipaliteit het onderneem om ten minste 150 tydelike werksgeleenthede te skep in die huidige finansiële jaar. Op sy beurt het die Departement onderneem om, ter aanmoediging, bedrae op 'n formule basis, , aan die munisipaliteit terug te betaal. R1,4 miljoen is vir hierdie doel deur Departement begroot.

Tydens die boekjaar 2010/11 was die begrote bedrag vir Baviaans R870 000 terwyl R2,2 miljoen spandeer is aan tydelike werksgeleenthede. Vir hierdie poging het die Munisipaliteit R960 000 terug ontvang van die Departement.

Bo: EPWP werkers in Willowmore

Bo: EPWP werkers in Vondeling

Bo: EPWP werkers in Rietbron

LOCAL IS LEKKER

Dit is nie meer nodig vir inwoners van Willowmore en omliggende gebiede om die munisipale grens oor te steek om hulle voertuie deur die toets te sit nie.

Die nuwe toetsstasie in Willowmore is in Maart hierdie jaar geopen. Die sentrum maak huidiglik voorsiening vir hernuwing van voertuiglisensies, registrasies van voertuie en padtoetse. Henry Adams is voertuigondersoeker en Elmarie le Grange die lisensiering klerk.

Daar is 'n moontlikheid, afhangende van omstandighede buite ons beheer, dat inwoners ook teen November 2011 leerling- en bestuurslisensies hier kan kry.

Daar is al ongeveer 6 motorfietse, 115 ligte voertuie en 40 swaarvoertuie by die nuwe stasie getoets.

Vir afsprake kan Henry of Elmarie geskakel word op **044 923 1041.**

Bo en Heelbo: Henry sit 'n voertuig deur die toets met Karel Jordaan as sy assistent

Bo: E le Grange, lisensiering klerk

Kantoor ure

Maandag - Donderdag
07:45 - 13:00
13:30 - 15: 30

Vrydag
07:45 - 13:00
13:30 - 14:30

INTEGRATED DEVELOPMENT PLANNING

Integrated development planning is a process through which the municipality prepares a strategic development plan which extends over a five-year period.

Integrated development planning as an instrument lies at the centre of the new system of developmental local government in South Africa and represents the driving force for making municipalities more strategic, inclusive, responsive and performance driven in character.

The IDP is the principal strategic planning instrument which guides and informs all planning, budgeting, investment, development, management and implementation in the medium-term decision-making.

MEC COMMENTS ON THE ANALYSED FINAL IDPS' OF BAVIAANS MUNICIPALITY

During April 2011 the IDP's of all municipalities in the Eastern Cape were assessed. Our municipality had been rated as follows:

KPA	RATING 08/09	RATING 09/10	RATING 10/11	RATING 11/12
Spatial Development Framework	Low	High	High	High
Service Delivery	Low	Medium	Medium	Medium
Financial Viability	High	High	High	High
Good Governance & Public Participation	Low	Low	High	High
Institutional Development	Low	Low	Medium	High
Overall Rating	**Low**	**Medium**	**High**	**High**

Save a Life in Steytlerville

Last year many residents in Willowmore and Steytlerville completed Level 1 first aid courses and from 29 August 2011 until 02 September 2011 those who were interested, and completed Level 1, was offered the opportunity to complete Level 2 and 3.

The Community Services Department spent just under R15 000 on the courses facilitated by St John, unfortunately limited space was available and to overcome this notices were placed on notice boards and advertised in public areas to ensure everyone had a fair chance of participating.

St John is fully accredited with the Health and Welfare Seta for first Aid Level 1 and Homecare Basic, is compliant with the Department of Labour Requirements and SABS.

First Aid Training for Willowmore and Baviaanskloof will take place on 03 - 07 October 2011

Top and above: Participants in Steytlerville busy with training, facilitated by St Johns

GAAN MY NIE VERBY!

Baviaans Toerisme het R 104000 spandeer aan aanwysings borde in Willowmore en Steytlerville om plaaslike besienswaardighede te beklemtoon en die dorpe te verfraai.

FIETSRY BASAAR

Die gemeenskap van Steytlerville het op 27 Augustus hulle jaarlikse Bergfietskompetisie, beter bekend as die *Amazing Karoo Cycling Bazaar*, gehou. Die NG en Metodiste kerke het basaar gehou en Volkswagen het pryse geborg. Daar was ook boeresport, speletjies vir kinders en 'n veeveiling wat besoekers en inwoners gelok het.

Ongeveer eenhonderd fietsryers het onderskeidelik aan 'n dikwiel, tien, veertig en tagtig kilometer resies deelgeneem. Daar was ook 'n spesiale kompetisie vir plaaswerkers waar die wenner 'n splinternuwe fiets kon wen. Baviaans Munisipaliteit het die fiets gekoop, inskrywingsgeld vir voorheen benadeelde individue betaal en vir medaljes gesorg. Op hul beurt het Baviaans Toerisme fietse verskaf aan diegene wat nie hulle eie gehad het nie.

Bo: Die dikwiel resies onderweg

Bo: Die wenner van die dikwiel resies, Denrice Dirk; tweede plek, J Swanepoel en F Samson

Trans-Baviaans

Bo: Die nuwe roete deur die Winterhoek-area

Eco-Bound se Trans-Baviaans het, soos gewoonlik, groot opwinding verskaf aan Willowmore en die omliggende omgewing. Eenduisend seshonderd fietsryers het op Vrydag, 12 Augustus 2011, Willowmore binne gestroom.

Die fietsryers het op Saterdag, 13 September in Willowmore weggespring om die lang na Jeffreysbaai aan te pak. Die roete moes as gevolg van vloedskade in die Baviaanskloof bietjie aangepas word en fietsryers het die moeilike terrein deur die Winterhoek-area aangedurf. Daar was maar, soos elke jaar, bietjie teenspoed en sommige was 'n fiets kwyt na die wedren, maar dit bly deel van die uitdaging.

Ons eie ontwikkelingspan (ook 'n Toerisme projek) het Willowmore se naam hoog gehou en die roete in ongeveer 18 uur voltooi. Die dag voor die groot resies het Baviaans Toerisme 'n pret-trap gehou vir inwoners en geesdriftiges waar hulle 'n hele klomp pryse kon wen, wat ook 'n nuwe fiets geborg deur Eco-Bound ingesluit het.

Bo: Die wegspring in Willowmore

Karoo2Coast

Bo: Lede van die Willowmore Ontwikkelings Fietsryspan

Hierdie jaarlikse bergfietswedren word deur Uniondale en Knysna se *Lions* klub gereël en alle opbrengste word aangewend vir hulle *Sight First* veldtog wat oogsorg vir blindes en sig-gestremdes in hulle area verskaf. Fietsryers spring in Uniondale weg en ry oor die pragtige ou wapad van die Prince Alfred pas na Knysna.

Die wedren het op Sondag, 25 September plaasgevind en Willowmore se ontwikkelingspan het ook deelgeneem. Volgens Laurence Bachus, 'n lid van die ontwikkelingspan, het hulle saam as 'n span gery en die rit, ten spyte van teenspoed en papwiele, in tussen vier en vyf ure voltooi. "Ons moes maar stadig teen die skerp afdraande gaan en gelukkig was daar helikopters, want baie mense het geval en daar was baie gebreekte arms", het Laurence gesê.

VROU VAN VELE TALENTE

Bo: Me Dorfling saam met die Wes-Kaap Minister van Landbou en Landelike Ontwikkeling

Me. Lucia Dorfling van die plaas Comesie by Steytlerville is vanjaar die Vroue-Landbouvereniging van Kaapland (VLVK) se Boerderyvennoot van die Jaar.

Die wenners van die kompetisie is op 'n gala-geleentheid tydens die jaarlikse kongres van die VLVK in Villiersdorp aangewys.

Lucia hanteer die sekretariële en finansiële aangeleenthede en sy is die dorperboer op die plaas wat die skape dip, doseer, ent en die vee bymekaarmaak. Sy bedryf Marlu Farmstay, waar selfsorg geriewe, 'n privaat kamp en etes voorsien word. Sy behartig ook bokhaartoere, verwerk vleis vir jagters en verkoop tuisnywerheidsprodukte.

Dorfling lei ook hulle eie plaaswerkers op in vaardighede soos kosmaak, naaldwerk, handvlyt en tuinmaak. Sy reël die jaarlikse Springbok-safari waarvoor Steytlerville bekend is en is betrokke by armoed-verligting en bemagtigingsprojekte.

Bo: Martin en Lucia Dorfling van die plaas Marlu

PLAASWERKERS DOEN DIT...

Die Gemeenskapsdienste Departement van Baviaans Munisipaliteit het, onder leiding van Mnr JC Maart, 'n uiters suksesvolle inligtingsdag vir plaaswerkers op 21 September aangebied. Bykans tagtig plaaswerkers van oral in die Willowmore omgewing het by die skougronde in Willowmore bymekaar gekom.

Die dag is afgeskop deur Mnr Pietie Voigt van die Gesondheids Departement in Graaff Reinet. Hy spesialiseer die afgelope paar jaar in die beheer en voorkoming van Tuberkulose en het die plaaswerkers toegespreek oor die siekte. Voigt het inligting verskaf oor hoe die siekte versprei word, statistiek gegee oor die omvang van TB in Suid-Afrika en beskikbare behandeling.

Volgende aan die beurt was Kolonel Nolte van die SAPD in Willowmore wat veediefstal, drankmisbruik en geweld bespreek het. Sy Adjudant Offisiere, Darries en van Sensie het hom vergesel en A.O Darries het die plaaswerkers ingelig oor dinge wat hulle op die uitkyk voor moet wees in verband met veediefstal.

Ander sprekers was Me Connie Schoeman van die Christelike Maatskaplike Raad se kantoor wat 'n praatjie oor MIV / Vigs gedoen het. Sy het gefokus op die voorkoming daarvan en die gevare van 'n losbandige lewe. Mnr Johannes Stegmann het op ongediertebeheer en die bestuur daarvan gefokus. Hy het hulle geleer hoe om die verskillende diere se spore uit te ken en hoe om aan 'n karkas vas te stel watter roofdier dit gevang het.

Die dag is afgesluit deur Mnr Kobus Lötter wat die rasstandaarde van Kleinvee-rasse en die plasing van diere op 'n skou gedemonstreer het.

Dit was 'n reuse sukses waarby almal baat gevind het en spesiale dank aan almal se insette om die dag 'n leersame een te maak.

Heel bo: Die plaaswerkers teenwoordig by die opleiding en Bo: Me Schoemen besig met haar voorlegging

PERFORMANCE AWARDS

Above: The Station Commander of Willwomore, Lt Col. Xawuka

Willowmore's police cluster has the highest reduction in crime in South Africa.

The cluster consisting of Willowmore, Steytlerville, Baviaanskloof and Klipplaat competed with the other 169 clusters in South Africa and came first in crime prevention with a 39% reduction thereof. For overall performance the station competed with the 190 stations in the Eastern Cape where Baviaanskloof came third, Willowmore fifth, Steytlerville sixth and Klipplaat sixtieth.

All police stations are also classified according to ranks, for example stations under control of an Adjutant, Captain or Lieutenant Colonel. In the Adjutant category Baviaanskloof came third in the Eastern Cape and fourth in the country. Rietbron came first in the Eastern Cape in the Captain category and Willowmore, being a Lieutenant Colonel station was first out of 309 stations in South Africa.

Adjutant Smith from the Baviaanskloof station was promoted on 01 September and is now a Lieutenant and Willowmore's new cluster coordinater for the detectives, Lieutenant Dolf Hendrikse, was promoted from Jeffreys Bay's detective unit.

All matriculants, irrespective of gender or race, interested in joining the force are encouraged to apply. Local applicants who are succesfull will be placed in the areas they reside in.

Residents are also urged to report any information related to crime in the area to their nearest police station.

Above: Lieutenant Dolf Hendrikse

NEW HOME FOR SAPS

It is currently still under construction (above and right), but with conference facilities and enough office space, 40 Wehmeyer Street in Willowmore, will soon host the detectives, cluster office and the FCS (Family, Children and Sexual offences) unit.

AANDAG WINKEL EIENAARS

Die SAPS doen 'n beroep op alle winkel eienaars om bedag te wees op die verkoop van sekere produkte aan kinders.

Gom, soos die in die foto bo, wat gebruik word vir die regmaak van fietse word deesdae opgeraap deur kinders om te snuif. Wees versigtig in die verkoop van bogenoemde aan minderjariges

‘N SEER-OOG WORD GEDOKTER

Hierdie groot gebou in Victoria-straat was een van die eerste koshuise in Willowmore.

Nadat dit vir baie jare leeg gestaan het, het die Williams broers van Willowmore dit gekoop en is tans besig om dit te herstel vir kantoor ruimte.

Links: Die gebou op die hoek van Kerk- en Victoriastraat

VINNIGE KOMMUNIKASIE

Die torings vir die nuwe koordlose internet is reeds opgesit en Plan B, die diensteverskaffer is besig om die eenhede in Steytlerville te installeer. Hierdie eenhede word teen R900 by huise in dorpsareas en R1900 op plase geïnstalleer en sal die eienaar daarvan in staat stel om vinnige internet, soortegelyk aan ADSL, te bekom. Die intreevlak diens sal teen ‘n spoed van 512 kbps weet. Internetgebruik sal teen R185 per maand vir 1 Gb data beskikbaar wees, met addisionele Gb teen R85 elk.

Vir meer inligting en bestellings kontak assebelief 042 243 2322 of 082 578 4219

Die Kloof se Meubelmakers

Elrenzo Wildeman, Roderick Filander en Nico Plaatjies van Baviaanskloof, Zandvlakte, maak die mooiste meubels uit hout. Hier is Elrenzo en Roderick, saam met Ewald Loock, burgemeester. Nico Plaatjies was ongelukkig afwesig.

Lentelied

Die wintergreens van 2011 het tot gevolg een van die mooiste lentes ooit! As inwoner can Baviaans moet ons waardeer wat ons vanjaar om ons sien – moontlik na nog tien jaar sien ons dit weer en sê dus hiermee, dankie Heer!

….. en kalkoentjies in die vlei
Algar is so mooi!
Geel gousblomme uit die veld
klossies uit die kuil –
sal ons ooit ons blommetjies
vir iets ander ruil.
Vrolik rand en vlei
elke koggelmannetjie
het sy naam gekry.
Elke gonserige goggatjie
is getroud of vry –
vrolik is die wêreld hier,
vrolike veld en vlei!

Lenteliedjie – CL Leipoldt

PLAASLIKE HELDIN

Bo: Mary-Anne Aweries het Ryno Magson se lewe gered

By Rooihoek se kampterein het ‘n amper tragedie op 06 September afgespeel toe ‘n buffel Mnr Ryno Magson aangeval het. Hy was erg beseer en sy ingewande het by sy maag uitgehang. Dit was onmoontlik vir ‘n helikopter om hom daar op te laai en Willowmore se ambulans moes noodgedwonge uitry.

Mary-Anne Aweries het agter by Ryno gesit, terwyl die paramedikus die stamperige en klipperige pad Port Elizabeth toe aangedurf het. Sy het haar arms onder die pasiënt ingeskuif om die stampe en stote te absorbeer. Magson beskryf haar as ‘n engel en as dit nie vir haar was nie, sou hy dit tien teen een nie oorleef het nie.